

# Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin  
No. 29 van 2021

## 18 Julie 2021

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

### My hande mag dalk afgekap wees, maar ekself is nie...

“My hande is afgekap.” Mense, wat dit sê, probeer eintlik vir jou sê hulle kan jou nie help nie. Wel, dalk moet ons vir mekaar sê dat ons nie net ons hande nodig het om mekaar te help nie. Dikwels is die heel beste hulp, wat ons kan gee, om net daar te wees vir mekaar. Nie ons woorde nie, nie ons dade nie, nie ons opinies nie - slegs ons daarwees is die meeste van die tyd nodig. Ek het dit geleer by ‘n leraarsvriend, wat reeds afgetree het. Ek onthou hoe almal in sy gemeente wou hê hy moet by hulle geliefdes wees, as hulle ernstig siek was of as hulle op sterwe gelê het. Hierdie leraar het nie baie gepraat nie. Sy teenwoordigheid was oorgenoeg. Al was sy hande spreekwoordelik afgekap, wanneer mense op sterwe gelê het, was sy daarwees vir daardie mense in nood voelbaar. Ek het by hom geleer ons daarwees vir mekaar is reeds deel van God se troos. Die Here gebruik ons soos wat ons is, daar waar ons is. Wanneer ons hande afgekap is, is ons nog lank nie magteloos of nutteloos in God se diens nie.

**Nie eens naastenby nie!**

deur Stephan Joubert

### Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

### Voorbidding

- \*Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
- \*Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- \*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
- \*Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- \*Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- \*Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- \*Bid vir Tannie Bets-vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Gerda Nel-vir volle genesing
- \*Bid vir Vionette Forster vir volle herstel
- \*Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- \*Bid vir mense wat COVID-19 het
- \*Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
- \*Bid vir Johan Kotze-hy is baie siek- bid vir volle genesing
- \*Bid vir Tannie Marinda Jordaan-het beroete gehad-bid vir volle genesing
- \*Bid vir Mel Wilmans-hy is baie siek-bid vir volle genesing
- \*Bid vir Kobus du Plessis-hy het COVID en gaan baie sleg
- \*Bid vir Basie Roux- hy het kanker-vid vir volle genesing
- \*Bid vir ons land en haar mense

### Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



### Onthou om te onthou . . .

**Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .**

**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**

**Rekno.: 0520580654**

**Takkode: 632005**

